en daar was lig.

en Hy het nog iets gedoen, :3
Hy het die reiniging van ons sondes bewerk
Die Hebreërskrywer tel die woord op wat in Levitikus 16:30 kom
soos die Hoëpriester die sonde vd volk op die Bok gesit het
het Jesus die Sondebok geword
Sy eie bloed gegee
om ons los te koop

So geniet die Vader Sy Seun
Skepper
Instandhouer
Erfgenaam
Weerkaatser
Uitstraler van al God se krag
Reiniger
Sit nou in Eer aan die Regterhand
Hoër as engele.

Vertel mense van Hebreërs 1 : 8
van God self wat verklaar, aangaande Jesus, "U, o God..."
en dan Paulus in Titus 2:13 "ons groot God"

Miskien moet jy opgradeer.
Miskien is dit nou tyd.
Die Vader sê vir jou
hyhet op baie maniere tot jou probeer kom
maar nou, as jou tyd min is, wys Hy vir Jesus, "ons Groot God". Amen

luv

Hebreërs 1:1 uit die Boodskap

"Deur die jare heen het God nie stilgebly nie. Hy het gedurig met ons voorouers gepraat deur spesiale boodskappers te stuur en ook nog op baie ander maniere. Maar die tyd is nou ryp dat God Sy mense weer naby aan Hom wil bring. Daarom het Hy met ons kom praat deur Sy Seun, aan wie God alles gegee het. Deur hierdie Seun het God alles gemaak wat bestaan. Wanneer jy na die Seun kyk, sien jy eintlik vir God self en hoe wonderlik Hy is. Die Seun lyk net soos God. Hy sorg dat alles in die skepping bly net soos dit behoort te wees, want Hy hoef net te praat en dan gebeur dit. Nadat Hy gesorg het dat ons skoon gewas is van ons sondes, is Hy terug na die magtige en groot God in die hemel toe. Daar sit Hy nou op die ereplek langs God. God het Hom belangriker as enige ander hemelse wese gemaak. Daar is nie 'n hemelse wese wat in status of posisie naby die Seun kom nie. Hy is eenvoudig baie groter as hulle. Daar is nie enige hemelse wese oor wie God ooit die dinge gesê het wat Hy oor Sy Seun gesê het nie. Vir wie van hulle het Hy ooit gesê: "Jy is My Seun; Ek is jou Vader van vandag af" of: "Ek is Sy Vader en Hy is My Seun."? God het hierdie Seun van Hom die spesiale ereposisie as die oudste Seun gegee. Dit is 'n besondere voorreg. God sê dan: "Al die hemelse wesens moet Hom dien soos hulle My dien." Wanneer God van die hemelse wesens praat, sê Hy wel: "God maak Sy boodskappers soos die wind en Sy dienaars soos weerligstrale." Maar van Sy Seun sê Hy: "U, o God, sal vir ewig en altyd heers. Soos 'n koning sal U vir altyd goed en reg regeer."